Sefanja – Ruk julle reg voor die toorn van die Here julle tref

Inleiding

Die negende boek van die Twaalf Kleiner Profete is Sefanja. Hy is ‘n tydgenoot van Jeremia, Nahum, Obadja en moontlik Joël. Sefanja waarsku Juda en Jerusalem dat die belydenis van God se hulp in die profeet Nahum net vervulling kan vind in die nougesette terugkeer na en bekering tot die Here. Anders sal sy toorn hulle net so seker tref as wat dit Nineve sal tref. Hy profeteer ook téén die nasies (2:4-15).

Sefanja verkondig sterk – soos die profeet Joël – dat die “*dag van die Here*” (1:7,14) gaan aanbreek. Verwysings na “*die/daardie dag*” kom bv. 16 keer voor tussen 1:7 en 2:3! Hierdie dag van die Here sluit soos by al die ander profete oordeel en genade in. Vergelyk bv. 2:1-3 waar die dag moontlik ‘n geleentheid tot bekering kan wees: “*Miskien bly julle die straf gespaar op die dag van die toorn van die Here.*” Maar, sonder bekering sal die oordeel van die Here die volk verwoes, soos inderdaad met die wegvoering in ballingskap gebeur het.

Tog eindig die boek steeds met van die mooiste beskrywings van die verlossing wat God sal bring. Dit geld vir beide die nasies – “*daarna sal Ek weer nasies se lippe rein maak*” (3:9) – as vir die Godsvolk – “*Die Here jou God is in jou midde, ‘n held wat bevry. Hy verheug Hom met blydskap oor jou, Hy maak jou nuut met sy liefde. Hy sal met uitroepe van vreugde oor jou jubel.*” (3:17).

Sefanja is volgens vers 1 moontlik ‘n koninklike afstammeling, ‘n agter-kleinkind van koning Hiskia, hoewel Amarja nie as ‘n seun van Hiskia êrens anders genoem word nie (daar is wel só ‘n hoëpriester, maar uit ‘n vroeër tyd – 2 Kron. 19:11). Die ander name wat genoem word, is ook nie bekend nie. Daar is dus wel ‘n skraal moontlikheid dat Sefanja familie is van die koning van sy tyd, Josia. Ons het egter nie genoeg inligting om dit verseker te sê nie.

Sefanja profeteer in Juda vóór die val van Nineve in 612 v.C. (in 2:13 word dit voorspel) en ook waarskynlik vóór die hervormings van Josia ingeskop het in 622-621 v.C. Dié hervormings het veranderinge ingesluit van juis dié dinge waarteen Sefanja hom uitgespreek het (1:4 – Baälaanbidding; 1:5 – aanbidding van hemelliggame). Josia het dus waarskynlik Sefanja se boodskap ter harte geneem, soos hy dit ook gedoen het met die boodskap van Jeremia.

Interessant genoeg tree daar ook ‘n priester met die naam Sefanja ‘n bietjie later in dié tyd op (Jer. 21:1). Hoewel daar geleerdes is wat die priester en die profeet met mekaar in verband bring, was dié priester Sefanja se pa egter Maäseja. Sefanja het ’n meer gematigde houding as die ander amptenare teenoor Jeremia gehad. Hy lees op ’n punt vir hom briewe wat van die ballinge af teruggestuur is (Jer. 29:29) en reageer nie op die negatiewe inhoud daarin nie. Hy vra op ’n keer, in opdrag van koning Sedekia, dat Jeremia vir die volk sal bid (Jer. 37:3), hoewel dit nie tot enige uitkoms gelei het nie. Sefanja is in ballingskap weggevoer en deur koning Nebukadnesar doodgemaak in Ribla, in Hamat, ’n tragiese einde (Jer. 52:24-27).

Sefanja 1:1-18 – Die dag van die Here bring oordeel oor dié wat die Here nie opsoek en raadpleeg nie

Hierdie hoofstuk is literêr baie kunstig saamgestel. Ná vers 1 die profesie histories geplaas het in die tyd van koning Josia van Juda, vervolg Sefanja met die aankondiging van die dag van die Here.

Die Here gaan die hele aarde vernietig met vuur – 1:2-3 en 1:18b

Sefanja omraam die gedeelte oor die dag van die Here met ‘n aankondiging dat die Here metafories die hele aarde gaan vernietig soos eenmaal met die sondvloed in die tyd van Noag. Let op hoe Hy in vers 2-3 sê: “*Ek gaan ‘n einde maak aan alles op aarde*”. Dit sluit die mense, diere, voëls en visse in. Dit word geëggo in vers 18b: “*Hy bring vernietiging en skrik oor al die inwoners van die land/aarde.*” Die Hebreeuse woord vir land en aarde is presies dieselfde: *‘êrêtz*. In die konteks verkies ek om vers 18 te verstaan as dat dit op die aarde dui, soos dit in die OAV en NIV en verskeie ander vertalings gedoen word.

Dit enigste verskil is dat die oordeel nie met water geskied nie, maar met *vuur*. Hier sien ons dieselfde boodskap van die ander profete rondom die oordeel van die Here wat metafories met vuur geskied (Jes. 66; Jer. 21; Eseg. 20; Joël 2; Amos 7; Miga 1) en deur die NT verder geneem en met die voleinding in verband gebring word (Matt. 13; 1 Kor. 3; Hebr. 12; Openb. 14).

Binne hierdie raamwerk wy Sefanja eerstens uit oor die **sonde** van Juda (1:4-9), beskryf tweedens die **reaksie** van die mense as God hulle oordeel (1:10-13) en beskryf derdens die

katastrofale **karakter** van die dag van die Here wanneer dit uiteindelik in sy felheid aanbreek (1:14-18a).

Die rede vir dié verwoesting is in vers 2-3 die goddeloosheid van die mense wat nie net God geminag het nie, maar ander: "*mense laat struikel het*". 'n Mens dink onmiddellik weer aan die ooreenkomste met oortredings van die twee tafels van die wet soos dit opgesom is in die liefdesgebod in die NT.

Juda se sonde – 1:4-9

In die res van die gedeelte binne hierdie raamwerk word die sondes van die mense verder uitgepak. Sefanja verwys na die sondes van Baälaanbidding (1:4), hemelliggaam aanbidding (1:5), kinderoffers aan Milkom (1:5), en doodgewoon: "*dié wat die rug vir die Here draai, nie na sy wil vra nie en Hom raadpleeg nie.*" (1:6).

Daarby word gevoeg: dié wat "*uitlandse klere dra*" (1:8 – ander kulturele gebruike aanneem), bygelowe handhaaf deur bv, nie op 'n drumpel te trap nie (1:9 – dit verwys moontlik na die Filistynse gebruik om nie op die drumpel van die tempel te trap nie ná die val van die afgod Dagon, soos in 1 Sam. 5:5 vertel), geweld en bedrog (1:9) en selftevredenheid waarin nie met God rekening gehou word nie (1:12).

Die Here gaan dit alles uit "*hierdie plek*" uitroei.

Juda se reaksie – 1:10-13

Die nood en smart in die stad word baie konkreet beskryf met die benoeming van die plekke waar dit in Jerusalem ervaar sal word. Die Vispoort was in die noorde, die tweede stadswyk was waarskynlik 'n nuwer deel (by wyse van spreke, *anderkant die spoor*), en die Vysel waarskynlik 'n aanduiding van die markplein. Sosiaal en ekonomies sal Jerusalem verwoes word tot groot verbasing en afgryse van dié wat gedink het dat die Here nie goed óf kwaad kan doen nie.

Die katastrofale karakter van die dag van die Here – 1:14-18a

Die dag van die Here kom met geweld. Dit is 'n dag van nood en benoudheid – let op hoe poëties dit beskryf word met metafore uit die natuur. Angs pak die mense beet en laat hulle

soos blindes loop. Geen rykdom sal in dié dag enigiemand red nie. Silwer en goud sal nutteloos wees, wanneer: "*die hele land verteer word deur die vuur van sy woede.*"

Sefanja 2:1-3:8 – Kom tot inkeer nasies voor die Here se gloeiende woede julle inhaal

In lyn met die raamwerk wat in hoofstuk 1 gegee is, word die oordeel oor die nasies in hoofstuk 2-3 uitgespel. Waar hoofstuk 1 net die oordeel oor Juda ekspisiet uitgespel het, word alle nasies nou ingesluit. Die oordeel oor die nasies sluit natuurlik steeds die oordeel oor Jerusalem in en strek tot by 3:8 voor die verlossing vir die oorblyfsel aan die orde gestel word in 3:9-20.

Let op hoe kunstig dit saamgestel is:

- 2:1-3 – Oproep tot bekering
    - 2:4-7 – Teen die Filistyne in die weste (9 reëls)
        - 2:8-11 – Teen Moab/Ammon in die ooste (9 reëls)
            - 2:12 – Teen Kus in die suide (1 reël)
        - 2:13-15 – Teen Assirië in die noorde (9 reëls)
    - 3:1-5 – Teen Jerusalem (9 reëls)
- 3:6-8 – Weiering om te bekeer

2:1-3 – Oproep tot bekering

Die oproep tot bekering word waarskynlik net aan Juda gerig. Vers 1 praat in die enkelvoud van die nasie. Dit word verder ondersteun deurdat 3:6-8 net ná die oordeel oor Jerusalem in 3:1-5 geplaas word. Jerusalem se weiering om hulle te bekeer, selfs al het hulle die oordeel van die Here oor die ander nasies gesien, word daarom téén hulle gehou.

Sefanja roep die volk op om hulle reg te ruk voordat die besluit voltrek word om hulle te oordeel. Die dag van die Here sluit die geleentheid tot bekering in. "*Vra na die wil van die Here … Streef na geregtigheid, na nederigheid.*" Dit is Sefanja se weergawe van Miga 6:8 se opsomming van wat die Here verwag. Miskien is daar vir hulle uitkoms.

2:4-7 – Teen die Filistyne in die weste

Vier van die stede van die Filistyne aan die westekant van Juda word genoem: Gasa, Askelon, Asdod, en Ekron. Oor hulle almal, ook dié wat van Kreta onder hulle kom woon het, voorspel Sefanja die oordeel van die Here. Hulle sal ekonomies geruïneer word, en interessant genoeg, die eiendom van Juda word wanneer die Here uiteindelik die lot van sy volk verander.

2:8-10 – Teen Moab/Ammon in die ooste

Die oordeel word ook oor die Moabiete en Ammoniete aan die oostekant van Juda uitgespreek, die nageslag van Lot, broerskind van Abraham. Die minagting en disrespek vir Juda se grondgebied word as primêre rede vir die Here se gramskap teen hulle aangegee. Daarmee het hulle die Here self geminag. Hulle sal ook ekonomies geruïneer word en die eiendom van Juda word wanneer die Here die lot van sy volk verander.

2:11-12 – Teen die kuisstreke sowel as Kus in die suide

In ‘n kort oordeelsuitspraak word ook die mense wat in die kusstreke bly sowel as die Kussiete in die suide deur die Here aangespreek. Die Here laat hulle afgode tot niet gaan en almal slegs Hom aanbid, elkeen op sy eie plek.

2:13-15 – Teen Assirië in die noorde

Die fokus skuif na die noorde en die groot bedreiging van Assirië en Nineve. Ook hulle sal tot ‘n einde kom. Nineve sal verwoes word: “*Pelikane en uile sal op die stad se mooi pilare slaap, die wind sal deur die vensters huil.*” ‘n Droewige prentjie.

3:1-5 – Teen Jerusalem

Ellende wag ook vir Jerusalem wat teen die Here opstandig is en besoedel is deur verdrukking. Hulle vertrou nie op die Here nie. Amptenare, regters, profete en priesters is net op eie gewin uit. Net die Here doen nie onreg in dié stad nie! Vir dié wat dit kan hoor: “*Hy gee môre vir môre sy beslissing; sy beslissing bly nie een dag uit nie.*” Die Hebreeuse woord wat hier met beslissing vertaal word, is *geregtigheid*. Die Here is dus onverpoosd besig om die reg te handhaaf, vir dié wat bereid is om daarna te luister.

3:6-8 – Weiering om te bekeer

En tóg, selfs al het die Here vir Jerusalem gewys dat Hy vertrou kan word, wil hulle nie vir Hom ontsag hê nie. Hulle: "*het gretig bly sondig.*" Daarom sal die oordeel oor hulle voltrek word.

Boodskap

Die Here is nie net geïnteresseerd in die nakoming van die wet nie, hoewel dit natuurlik ook deel van sy opdrag aan ons is. Wat veral opval in sy oordeel oor die volk is dat dit kom vanweë hulle weiering om Hom te raadpleeg. Hy vra van sy mense, trouens van alle mense: "*Vra na die wil van die Here … Streef na geregtigheid, na nederigheid.*" Hoekom? Want God sal antwoord: "*Hy gee môre vir môre sy beslissing; sy beslissing bly nie een dag uit nie.*"

Om die Here te dien en sy goedkeuring en guns weg te dra, is dus eintlik baie eenvoudig. Ken Hom in alles wat jy doen. Vra van Hom wat sy wil is. En gaan voer dit in nederigheid uit. Dít is die pad van seën wat 'n mens net tot jou skade ignoreer.

Sefanja 3:9-20 – Ná die oordeel sal die Here julle nuut maak met sy liefde

Sefanja sluit sy boek af met drie van die mooiste boodskappe van hoop wat in die Twaalf Kleiner Profete, trouens in die hele OT, te vinde is:

- **3:9-13 – Ek sal die volke verander, hulle lippe rein maak** – daarvoor kan ons bid.
- **3:14-17 – Die Here jou God is by jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde** – die belofte kan ons toeëien.
- **3:18-20 – Ek gaan nou optree teen almal wat jou verdruk het** – dit is 'n groot troos.

3:9-13 – Ek sal die volke verander, hulle lippe rein maak

Sefanja spring weg met 'n belofte dat God nie net die volk vanuit die ballingskap sal terugbring nie. Hy sal ook wêreldwyd ingryp: "*Ek sal die volke verander, hulle lippe rein maak, sodat hulle almal My sal aanroep en soos een man My sal dien.*" (3:9). Hy neem ook die skande en skaamte weg wat die ballingskap vir die Godsvolk gebring het. Sy doel met die ballingskap sal dan bereik wees: "*Jy sal nie meer vol hoogmoed wees daar op my heilige berg nie.*" (3:11).

Dit is duidelik dat die Here net ‘n pad kan stap met dié wat nederig en ootmoedig is, dié wat op Hom vertrou en nie op hulleself en hulle eie krag staatmaak nie. Dit is net dié mense wat die wet sal kan nakom, dít wat in die Tôrâ beskryf is. Aan die een kant sal hulle: “*nie onreg doen nie en nie lieg nie; daar sal uit hulle mond nie valsheid kom nie.*” (3:13). Aan die ander kant sal hulle: “*’n kudde wees wat wei en gaan lê en rus sonder dat iemand hulle skrikmaak nie.*” Psalm 23 gaan vir hulle in vervulling.

3:14-17 – Die Here jou God is by jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde

Sefanja se fokus skuif na die toekomstige vrede wat in Juda en Jerusalem sal heers. Die volk kan solank hulleself verheug in wat gaan kom: “*Wees met alles wat jy is, vrolik en bly, Jerusalem!*” Die oorlog sal vergete wees die vyand verslaan. Die Here self sal as Koning optree en hulle van rampe beskerm. Hulle moedeloosheid sal verdwyn.

Let op hoe pragtig Sefanja die teenwoordigheid van die Here beskryf: “*Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou,* ***Hy is stil-tevrede in sy liefde.*** *Hy jubel en juig oor jou.*” (3:17). Die voorgestelde BDV se vertaling gebruik vir die middelste deel ‘n ander tekslesing wat egter net so ‘n pragtige boodskap is: “*Die HERE jou God is in jou midde, ‘n held wat bevry. Hy verheug Hom met blydskap oor jou,* ***Hy maak jou nuut met sy liefde.*** *Hy sal met uitroepe van vreugde oor jou jubel.*”

3:18-20 – Ek gaan nou optree teen almal wat jou verdruk het

Sefanja eindig met ‘n besondere woord van troos: “*Ek maak dié bymekaar wat treur, ver van die feestelikheid af, dié wat uit jou uit kom en ter wille van jou die smaad gedra het.*” (3:18). ‘n Mens kan daarin iets raaksien van die feit dat die Here baie bewus is van dié wat ter wille van ander regoor die wêreld en regdeur die eeue smaad gedra het. Soos Peterson die vers vertaal: “*The accumulated sorrows of your exile will dissipate. I, your God, will get rid of them for you. You’ve carried those burdens long enough.*” (The Message).

Dit is een van die helder boodskappe wat Sefanja dus vir ons gee. God tree op en stel onreg reg. Hy vra nie van ons iets wat Hyself nie ook doen nie. Soos Hy van ons verwag dat ons reg sal doen, só sal Hyself altyd reg laat geskied, al sluit dit ook in dat Hy straf om deur die straf dinge reg te stel. “*Wanneer die tyd daar is,*” sal die Here hulle lot verander.

Boodskap

Drie verse uit dié pragtige hoopvolle gedeelte bly my by, een uit elkeen van die drie perikope. Dit is die moeite werd om dit te memoriseer en met jou saam te dra as gebed, belofte en troos.

GEBED: "*Ek sal die volke verander, hulle lippe rein maak, sodat hulle almal My sal aanroep en soos een man My sal dien.*" (3:9) – dit is 'n gebed wat ons daagliks kan en moet bid ter wille van hierdie wêreld. Ons mag nie ophou nie. Die Here sal antwoord en meer doen as wat ons bid of dink.

BELOFTE: "*Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou,* ***Hy is stil-tevrede in sy liefde.*** *Hy jubel en juig oor jou.*" (3:17) – dit is 'n belofte wat vir elke kind van God geld. Jy kan dit vir jou elke dag van jou lewe toeëien. Jy kan ook die voorgestelde BDV se vertaling gebruik wat, hoewel die middelste deel op 'n ander tekslesing gegrond is, net so geldig is vir ons lewe: "*Die HERE jou God is in jou midde, 'n held wat bevry. Hy verheug Hom met blydskap oor jou,* ***Hy maak jou nuut met sy liefde.*** *Hy sal met uitroepe van vreugde oor jou jubel.*"

TROOS: "*Ek maak dié bymekaar wat treur, ver van die feestelikheid af, dié wat uit jou uit kom en ter wille van jou die smaad gedra het.*" (3:18) – die Here is baie bewus van dié wat ter wille van ander regoor die wêreld en regdeur die eeue smaad gedra het. Soos Peterson vertaal: "*The accumulated sorrows of your exile will dissipate. I, your God, will get rid of them for you. You've carried those burdens long enough.*" Daar kom 'n einde aan lyding. Die Here sien raak wat jy doen vir ander, en die pyn wat baie keer daarmee gepaard gaan. Die Here haal uiteindelik die las van ons skouers af. Hy verander die lot van sy mense. Daarvoor kan ons Hom vertrou.

Sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie

Diogenes, 'n Griekse filosoof, was bekend daarvoor dat hy met 'n lamp rondgeloop het op soek na 'n eerlike mens, iemand wat op die waarheid fokus. Sy soektog was egter vrugteloos.

Sefanja gebruik ‘n soortgelyke beeld van God met ‘n lamp wat deur Jerusalem se strate beweeg. Sy missie is egter om die goddeloses uit te roei:

“En in dié tyd sal Ek Jerusalem met lanterns deursoek en besoeking doen oor die manne wat dik geword het op hulle afsaksel, wat in hulle hart sê: Die HERE doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie.” (Sef 1:12).

In sy gramskap het Hy die volk in ballingskap gestuur, ‘n teken van wat Hy uiteindelik met die hele aarde sal doen:

“want Hy bring vernietiging, ja, ’n verskriklike, oor die inwoners van die aarde.” (Sef 1:18).

Die goeie nuus in die NT is dat God uitkoms gee vir dié wat in Jesus Christus glo. God het die wêreld só lief gehad:

“dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” (Joh 3:16).

Die slegte nuus is egter, soos in Sefanja se tyd, dat ongelowiges die duisternis liewer het as die lig. Hoekom? Want hulle werke is boos. Hulle kan nie bekostig om in die lig te kom daarmee nie, sodat hulle werke nie bestraf kan word nie (Joh 3:19-20).

Watter tragiese keuse vir korttermyn voordele, maar langtermyn gevolge.